

## BOEKBESPREKINGS / BOOK REVIEWS

### Suid-Afrika/South Africa

**M S APPELGRYN.** *Johannesburg. Ontstaan en eerste bestuursreelings, 1886—1899*, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1984, vii + 152 pp., illus., indeks, geen prys vermeld.

Nou dat die stad Johannesburg sy honderdste bestaansjaar herdenk, verkry 'n publikasie soos hierdie besondere aktuele waarde. Afgesien van die tydsberekening is dit egter ook in eie reg 'n bydrae tot ons kennis van die stad se geskiedenis tot 1899 omdat die skrywer tereg op die gebreke in die bestaande literatuur oor dié geskiedenis wys. Dit is egter eiendaardig dat hy nêrens na sy M A-verhandeling: Die ontwikkeling van plaaslike bestuur in Johannesburg 1886—1899 (RAU, 1971) verwys nie. Die boek is klaarblyklik 'n gepubliseerde weergawe daarvan en 'n mens sou verwag dat érens hiervan melding gemaak behoort te word.

Die skrywer vra aan die begin van die boek twee belangrike vrae omtrent die ontstaan van die stad. Eerstens: wie was verantwoordelik vir die ontdekking van die goudrif wat tot die skielike ontstaan van die myndorp gelei het?; en tweedens: wat is die oorsprong van die naam Johannesburg?

Dié twee vrae het al baie bespreking en spekulasié onder skrywers uitgelok. So onlangs as 8 Augustus 1986 het 'n amateurhistorikus nog in *Beeld* beweer dat dit onseker is wie van George Harrison of George Walker die ontdekker was. Dr Appelgryn kom ná 'n sistematiese ontleding van die beskikbare getuienis tot die gevolgtrekking dat die eer Harrison toekom. Hierin stem die skrywer saam met E L en J Gray wat in 1937 dieselfde slotsom bereik het. Die verskil lê egter daarin dat sy gevolgtrekking op baie meer en stewiger getuienis berus.

In die tweede hoofstuk beantwoord die skrywer die vraag omtrent die oorsprong van die naam. Na deeglike ondersoek van die teorieë en getuienis bevestig hy dat die stad sy naam te danke het aan Christiaan Johannes Joubert en Johann (of Johannes) B F Rissik, onderskeidelik Hoof van Mynwese en opmeter van die erwe in die dorp. Hoewel daar na die drie delwerskampe verwys word en 'n rowwe skets van Ferreira-skamp asook 'n kaart van die opgemete erwe weergegee word, sou 'n gerekonstrueerde kaart om die ligging van die drie kampe met betrekking tot mekaar te toon en selfs die oorspronklike plase wat as delwers geproklameer is, soweel meer waarde aan die boek gegee het.

Die volgende drie hoofstukke handel oor die evolusie van die plaaslike bestuur van die myndorp, van die instelling van die delwerskomitee in Maart 1886 tot die stigting van 'n gesondheidskomitee in Desember 1887 en die uitbreiding van dié liggaaam se magte daarna. In die proses duik prominente name in die geskiedenis van die dorp op. 'n Mens verbaas jou egter dat die skrywer heeltemal swyg oor 'n naam soos C J Rhodes (p. 45) wat as een van vyf grondbesitters sitting op die delwerskomitee gehad het. Dit is ook jammer dat vaaghede voorkom, soos wat die funksies van die gesondheidskomitee presies behels het. Op p. 60 word wel gesê dat sy primêre funksie was om te waak oor die gesondheidstoestand van Johannesburg en word daar ook na spesifieke take soos afvalverwydering en die werk van die gesondheidsinspekteur verwys. Maar selfs wanneer gesê word dat die gesondheidsinspekteur ontslaan is weens pligversuum (pp. 60—61) is 'n mens onseker wat sy pligte presies was omdat dit nooit omskryf word nie. Daar word slegs gesê dat hy "onbekwaam" was en dat hy nie Nederlands magtig was nie. Die maak van paaie word ook slegs heel terloops later (p. 67) as 'n funksie genoem in verband met die gebrek aan fondse wat die gesondheidskomitee ondervind het en in die volgende hoofstuk word 'n gedeelte daaraan afgestaan. Dit is ook ietwat vreemd dat op p. 77 na 'n belastingbetalersvereniging verwys word sonder enige aanduiding van hoe en wanneer dit ontstaan het. 'n Mens sou verwag dat so 'n belanggroep in die geskiedenis van plaaslike bestuurstellinge meer verdien as om so uit die bloute genoem te word en nooit weer daarna nie.

Die titel van hoofstuk 6, nl. "Vooruitgang", is ook ietwat vaag. Hoewel daar in die betrokke tydperk vordering was in terme van eiendomsbelasting wat ingestel is, die verbetering van strate, die instelling van 'n brandweerdien en straatbeligting, handel dié hoofstuk oor, onder andere, 'n ondersoek na korruksie waartydens sekere lede van die komitee tydelik geskors is. Die skrywer gee self toe (p. 97) dat die komitee se posisie verswak het weens die verdere bedanking van ander lede in die nasleep van die korruksie-ondersoek. 'n Hoofstuktitel soos "Vooruitgang ondanks terugslae" sou die inhoud beter gedeck het.

Hoofstuk 7 behandel die probleem van toenemende prostitutie in die stad. Hoewel die gesondheidskomitee noodgedwong hieraan aandag moes gee, het die regering per slot van rekening die saak deur middel van wetgewing probeer hanteer. 'n Mens wonder of prostitutie op sigself 'n hoofstuk regverdig. Dit was gewis 'n sosiale euwel, maar sou daar nie oor ander sosiale euwels soos doodgewone misdaad en haglike behuising iets te sê wees nie?

Die slothoofstuk handel oor die gebreklike plaaslike bestuurstelsel as Uitlanderbrief wat in 1892 op die stigting van die Transvaal National Union uitgeloop het. Uiteindelik het die republiekinse regering se oë eers ná die Jameson-inval vir die noodsaaklikheid van effektiewe en verteenwoordigende munisipale bestuur

oopgegaan en is 'n wet in dié verband in 1897 aangeneem. Dit skyn of hier 'n teenstrydigheid in die verhaal is, want onderaan p. 128 word die wet as onaanvaarbaar vir die Johannesburgers beskryf en kort daarna word op p. 129 die feestelike ontvangs beskryf van die eerste burgemeester wat ingevolge dié wet aangewys is. Dit rym nie.

Die boek bevat talte foto's van persoonlikhede, stadstonele, ens., wat aantreklik aangebied word. Dit is egter jammer dat 'n lys daarvan nie by die inhoudsopgawe ingesluit is nie. Nêrens word ook 'n bron van enige illustrasie aangegee nie. Voorts word die foto's se waarde verlaag deur onvolledige byskrifte. Op p. 79 verskyn die foto van W F Lance, 'n lid van die gesondheidskomitee, wat bedank het, sonder dat sy ampstermyn aangegee word. Dieselfde geld ook vir die foto's van W E Bok, regeringsverteenvoerdiger op die komitee, op p. 123 en die eerste burgemeester, J Z de Villiers, op p. 127. En op pp. 130 en 131 verskyn twee foto's van "raadshere" van die eerste stadsraad sonder dat die betekenis van die term verklaar word; op die vorige bladsy word gesê dat die twee persone tot "wetshouers" verkieks is — 'n term waarvan die betekenis eweneens onduidelik is.

Om saam te vat: daar het heelwat stewige navorsing in die boek ingegaan en die leser kry 'n beeld van die evolusie van plaaslike bestuursliggame voor 1899. Heelwat historiese persoonlikhede kom ook in die proses tot hulle reg. 'n Mens kry ook 'n kykie in die regering van die Z A R se vrese in verband met die "probleemstad", Johannesburg, wat so skielik onder sy neus ontspring het. Hoewel al die leser se vrae nie beantwoord word nie, is afdoende antwoorde nietemin op sommige tergende vrae gegee.

D H HEYDENRYCH  
*Universiteit van Pretoria*

**G J SCHUTTE, Nederland en de Afrikaners. Adhesie en Aversie Over stamverwantschap, Boerenvrienden, Hollanderhaat en Apartheid, Franeker, 1986, 248 pp.**

Dis 'n ou onderwerp hierdie: die verhouding tussen Nederlanders en Afrikaners, Hollanders en Boere. Dis 'n verhouding vol teenstrydighede, in so 'n mate dat dit altyd vroeë sal opwek en opwerp. Meer as een uitlating in die verlede word gekenmerk deur 'n fel kantkies vir die een of die ander kant, argumente voor of teen. Vir dr Schutte gaan dit daarom om so 'n objektiewe moontlike ontleding te gee van hierdie volkeverhouding. Miskien is dit goed dat juis in hierdie tyd 'n nutger, objektiewe beschouwing daaroor gegee word, hoewel dit te betwyfel is of die wedersydse verwylte daarmee besweer sal word. Dit is nou eenmaal 'n geval van adhesie en aversie en miskien sal dit so bly. Hoe sterk die eerste, daar sal altyd voorbehou word; hoe sterk die laaste ook al, die geskiedenis en die verwantskap sal nie uitgewis kan word nie.

Dr G J Schutte, tans wetenskaplike hoofmedewerker nuwe geskiedenis, eintlik professor, verbonde aan die Vrije Universiteit, Amsterdam, is 'n kenner van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, het vroeër 'n tydlank as student in Suid-Afrika vertoef en ons land sedertdien weer verskeie kere besoek. Reeds vir 'n aantal jare opgeneem is die bestuur van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging, is hy tans voorsitter daarvan en dien ook op die redaksie van die maandblad *Zuid-Afrika* waar sy oorwoë beschouwings oor gebeurtenisse in Suid-Afrika waardering aan beide kante vind.

Die boek is, op die laaste twee hoofstukke na, 'n bundeling van artikels wat reeds elders verskyn het. Afgesien van die intrinsiese waarde van elkeen bring dit ongelukkig mee dat die logiese oorgang van een hoofstuk tot die volgende ontbreek. Dit is hinderlik, al word die leser vooraf in die *Verantwoording* ook daarop attent gemaak.

Hoofstuk 1 gaan oor "De herontdekking van die Afrikaner never" tydens die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog. Hierin stel hy die merkwaardige verskynsel dat die Nederlanders wat nouliks belangstelling vir, hoofsaaklik kritiek op, hulle stamgenote in Suid-Afrika gehad het, skielik omswaai in onbeteuelde bewondering. Hoe is dit moontlik? Hy meen dit te verklaar as 'n herontwaking van nasionale trots onder die Nederlanders, meer as 'n gevoel van werklike simpatie met die Boere van Transvaal. Hierdie houding bly in 'n mate voortleef in die periode hierna om dan weer fel op te vlam tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Tog was daar altyd kritiek, altyd 'n gevoeligheid tussen Boer en Hollander, 'n haat-liefde-verhouding noem hy dit, tussen die toe nog onontwikkelde Boer en die ontwikkelde Nederlandse immigrant wat die hoér beroep uit sy hand geneem het, alles gekompliseer deur die Britse bedreiging van die jare.

Waaronde die gevoelens so fel was, word soms verklaar uit die verwantskap self, asof van familie oor en weer beter begrip verwag word en dat daarom die teleurstelling so groot was. Die Boer het in sy afsondering tot 'n ander soort mens ontwikkel as die Nederlander, vandaar dat hulle mekaar op persoonlike en lewensbeskoulike vlak dikwels so moeilik kon vind. Daar is verskeie faktore wat irritasie veroorsaak het. Die belangrikste was en is nog egter die Nederlandse kritiek op die Afrikaner se verhouding tot sy nie-blanke landgenote, en sy strewe tot afsonderlike ontwikkeling. Vir die Afrikaner was dit 'n traumatisiese ervaring, dat die stamgenoot van wie hy die meeste begrip verwag het, dat hy van hom die meeste verguiseling ontvang het.

Miskien moet ondersoek in hierdie aangeleentheid nie by die Groot Trek of 1880 begin word nie, maar by 1652 of by die Nederlandse volksaard van die sewentiende eeu. Miskien moet meer in die algemeen na 'n antwoord gesoek word. Miskien is dit te vind in die aard van kolonialisme en koloniestigting as 'n historiese verskynsel. Miskien moet vergelykende geskiedskrywing toegepas word tussen die verskillende kolonies van die verskillende Europese volke en hulle lotgevalle. Waar die inboorlingbevolking swak en klein was, daar het die kolonies uitgegroeи tot selfstandige state met behoud van hulle Europese volksaard. Om dit maar grof te stel: hoe meer daarin geslaag is om die inboorlingbevolking te neutraliseer, hoe makliker het die kolonie sy Europese karakter behou. Dit is natuurlik 'n oorvereenvoudiging. So eenvoudig is dit nie. Daar is baie ander faktore wat 'n rol gespeel het, hier sowel as elders. Tog is dit soms nodig om tot enkele grondtelle af te dal om helderheid te verkry.

Wat in die meeste gevalle van wedersydse kritiek nie genoem word nie, of opsetlik verswyg word, is die feit dat dit by die Afrikaner steeds gegaan het om die behoud van volkseie en voortbestaan. Dit is nie nou eers, in die huidige krisis dat dit ontdek is nie; hierdie besef het reeds ver terug in die verlede bestaan. En wat miskien die meeste ongerustheid wek is die lotgevalle van Europese koloniste in die Afrika-lande wat onafhanklik geword het. Dit dien as 'n onrusbarende voorbeeld.

In hoofstukke V en VI het dr Schutte 'n indringende studie gemaak van die Anti-revolutionêre rigting in Nederland en die betrekkinge tussen Afrikaanse en Nederlandse Calviniste, waardeur die verwantskap en die wisseling van invloede op kerklike gebied oor en weer mooi ontleed word. Tog kom hy tot die slotsom dat hierdie kerklike rigting in Nederland sowel as in Suid-Afrika tot die minderheid van die bevolking behoort en geen deurslaggewende invloed kon uitgeoefen het nie.

Hoe objektief die boek ook al is, dit bly 'n beskrywing vanuit Nederlandse oogpunt. Dit kan ook nie anders nie. Graag sal ek dieselfde onderwerp deur 'n Afrikaner beskryf wil sien. Hoewel die feite dieselfde sal wees sal die beklemtoning tog anders wees. Miskien sal vanuit Afrikaanse gesigspunt meer aandag aan die positiewe bydrae van Nederland tot die ontwikkeling van die Afrikaanse volk gegee kan word.

Daar is sekere vlakte van die onderwerp wat nouliks aandag ontvang, wat weer verklaar kan word uit die karakter van die boek as 'n versameling los opstelle. Die omstandighede van die twintigste eeu word nie indringend behandel nie. Daar is byvoorbeeld die aanraking op akademiese gebied, besoek van akademici en hulle verslae wat uitstekende materiaal mag oplewer, die rol van verenings, by name die Nederlandse Suid-Afrikaanse Vereniging en die Genootskap Nederland Suid-Afrika, ook hoe die loop van die geskiedenis self die verhouding beïnvloed het, die Eerste en Tweede Wêreldoorlog en die radikale wending wat dit in die geestelike lewe meegebring het.

Die jongste beleid van hervorming in die Suid-Afrikaanse politiek val om begryplike redes buite die opset van hierdie werk. Dit is tog van die uiterste belang en 'n mens vra jou af hoe dit die verhouding tussen Nederland en Suid-Afrika ten slotte sal beïnvloed.

F J DU T SPIES  
Universiteit van Pretoria

A APPEL, *Die Oosterlig, 1937—1948, 'n pershistoriese studie*, Universiteit van Port Elizabeth Publikasiesreeks, Navorsingspublikasie C 28, 1985, ix + 167 pp.

Die skrywer stel dit as sy doel "om 'n oorsigtelike beeld van die ontstaan en groei van *Die Oosterlig* as koerantonderneming en as party-politieke spreekbuis aan te bied ... Gevolglik" — sê hy — "is nie geprobeer om die studie oor die boeg van of die joernalistiek of die kommunikasiewetenskap te gooi nie". In deel I word die agtergrond waarteen die stigting van die blad plaasgevind het en ook die oprigting self geskets. In die tweede deel word 'n oorsig gegee van "die koerant as 'n onderneming". Deel III verskaf "in breë trekke standpuntestellinge ten opsigte van enkele oorheersende temas in die destydse politieke en kulturele ontwikkelinge" (p. viii).

In die suksesverhaal van die merkwaardig gediversifieerde Nasionale Pers is die vyfdaagse *Die Oosterlig* van vandag 'n relatief klein onderdeel, maar die kinderjare van dié Port Elizabethse koerant is nietemin 'n belangwekkende tema in die Suid-Afrikaanse persgeskiedenis. *Die Oosterlig* is die tweede nuusblad wat die Nasionale Pers self opgerig het. Na die stigting van *De Burger* in 1915 is *Het (Die) Volksblad* in 1917 oorgeneem en *De (Die) Afrikaner* (van Pietermaritzburg) kort daarna gekoop en weer verkoop. Kort na samegesmelting het die Nasionale Pers 'n halfweeklikse Afrikaanse blad in Port Elizabeth opgerig. As 'n onderneming van 'n maatskappy wat in kritieke jare 'n voldoende wins moes toon, was dit 'n waagsame stigting in 'n stad waarin toe min invloedryke, ontwikkelde Afrikaners was.

*Die Oosterlig* se twaalfjarige stryd om oorlewing is verder bemoeilik toe die konfrontasie tussen die Herenige Nasionale en Volksparty en die OB teen die helfte van 1941 ernstige afmetings aangeneem het. In

die stad waar John Vorster die OB-hoofgeneraal was, het dié beweging heelwat steun geniet. Die eerste redakteur van *die Oosterlig*, J H O (Otto) du Plessis, wat vroeg in 1941 lid van Pirow se Nuwe Orde was, was 'n oortuigende Nasional-Sosialis, en daar was OB-offisiere aan diens in sy kantore. Die direksie van die Nasionale Pers het laat in 1941 dr D F Malan se onverbiddelike beleid teenoor die OB volkome onderskryf. Du Plessis het gehoorsaam en het toegesien dat die beleid uitgevoer word. Onder talle OB-lede in Oos-Kaapland het verbittering gevolg. Neteenstaande verlies aan Afrikanersteun, het Du Plessis se opvolger, die ewe interessante redakteur, J J Kruger, ook die OB bekamp.

Teen 1948, wanneer dr Appel sy studie afsluit, is reeds heelwat persgeschiedenis in Oos-Kaapland gemaak. Die party-politieke invloed van *Die Oosterlig* is uiterst moeilik om te bepaal. Terwyl net na die verskynning van *Die Oosterlig* in 1938 slegs 19,60% van die stemme in die vier Port Elizabethse kiesafdelings op die NP uitgebring is, het die steun vir die HNP in 1943 maar tot 21,16% gegroeи en in 1948 tot 23,88%. Op die Oos-Kaaplandse platteland het die Nasionaliste egter heelwat beter gevraag, maar hul krag het daar gelê.

Aan die hand van beskikbare oorspronklike dokumente en deur middel van 'n grondige koerant- en literatuurstudie, vul dr Appel 'n blindekol in ons wetenskaplike persgeschiedenis. Hy bied 'n ontsluiting aan van belangrike fasette in die vroeë ontwikkeling van *Die Oosterlig*, maar ander bedrywigheede van die Nasionale Pers in Port Elizabeth, soos die handelsdrukkery, uitgewery en boekhandel, word nie ingesluit nie. In sy studie leer mens fasette uit die ontwikkeling van die Afrikaner in die Oos-Kaap beter ken. In die twaalf jaar het daar heelwat gebeur wat verreikende gevolge sou hè. *Die Oosterlig* verskaf 'n relaas daarvan en probeer ook om Afrikanernasionalisme in 'n bepaalde rigting te stuur. Hoewel dié geschiedenis van *Die Oosterlig* nie 'n inspirerende onderwerp behels nie, en hoewel slegs 'n beperkte tydperk gedek word, word betekenisvol lig gewerp op Oos-Kaapse Afrikanernasionalisme en die kulturele en algemene streeksontwikkeling van 'n gebied wat tot dusver verwaarloos is.

'n Verskeidenheid van foto-illustrasies en grafiese verhelder die studie, maar op gewone papier druk sommige foto's nie goed af nie. Om perspektief te verleen, word soms vergelykende syfers van *Die Burger* en *Die Volksblad* verskaf. Die vordering van *Die Oosterlig* in vergelyking met die *E P Herald*, die *P E Advertiser* en *Ons Land* se posisie word egter nie aangedui nie.

Dr Appel lewer 'n besliste bydrae tot die Suid-Afrikaanse persgeschiedenis.

C F J MULLER  
Pretoria

MAURICE BOUCHER, *The Cape of Good Hope and foreign contacts, 1735—1755*, University of South Africa, Pretoria, 1985, 173 pp. illustrasies en register, R25,00 + AVB.

Dit bly steeds 'n eienaardigheid van die Suid-Afrikaanse geschiedenis dat die Kaapse verversingspos gestig is met die uitsluitlike doel om die skeepvaart tussen die Ooste en die Weste te rugsteun, maar dat die ontwikkelings in Suid-Afrika oor die afgelope drie eeue in 'n toenemende mate land-gerig geraak het. Die Suid-Afrikaanse bevolking het hulle verbintenis met die see feitlik heeltemal verloor. Hierdie ontwikkeling het ook neerslag gevind in die geskiedskrywing, wat tot dusver hoofsaaklik gekonsentreer het op die uitbreiding van die Westerse beskawing en regeringstelsel na die binneland van Suid-Afrika, sonder om enige noemenswaardige aandag te skenk aan die verhouding tussen die Kaapse nedersetting en die sevarende volke wat Tafelbaai aangedoen het. Daarom is dit te verwelkom dat Boucher se jongste boek juis aan hierdie aspek aandag gee.

Die skrywer is uitnemend geskik vir hierdie taak. Hy is nie alleen 'n kenner van die vroeë Kaapse geschiedenis nie, maar sy bedrewenheid in verskeie Europese tale verleen aan hom toegang tot die Engelse, Nederlandse, Franse en Skandinawiese argiewe. Gevolglik kan hy vir sy leser 'n gebalanseerde en volledige prentjie skilder van die vreemde skeepvaart wat van die Kaapse seeroete gebruik gemaak het. Uit Boucher se bevindings blyk dit duidelik dat die Kaapse verversingspos inderdaad sy reputasie as herberg van die oseane gestand gedoen het.

Ná sy inleidende hoofstuk behandel Boucher in die volgende hoofstukke agtereenvolgens die Kaap se verbintenisse met die Deense, Franse en Engelse besoekers. In die volgende twee hoofstukke word die Nederlanders se verbintenisse met die Ooste en die Weste en die Kaap se rol in die see-oorloë gedurende die tydperk onder behandeling bespreek. 'n Lys van die belangrikste bronne oor die onderwerp en 'n baie handige alfabetiese lys van vreemde skepe wat Tafelbaai tussen 1735 en 1755 besoek het, rond die publikasie af.

Die amptelike verhouding tussen die besoekers en die Kaapse overhede word in detail bespreek. Dit handel in hoofsak oor die voorsiening van proviaat aan die skepe, die eerbiediging van neutraliteit in tye van oorlog, die uitlewering van drosters en verstekelinge en die vuur van salutuskote. Ons bemerkt ook reeds die voortekens van die agteruitgang en uiteindelike ondergang van die eens magtige VOC. Die skepelinge se verhouding met die gewone Kaapse bevolking — Kompanjiesamptenare, vryburgers, vryswartes, bandiete,

bannelingen en slawe — maak ook baie interessante leesstof uit. Ons verneem van 'n uitgebreide privaatshandel in luukse artikels en slawe met die hoër amptenare en burgers. Op hulle beurt verkoop die burgers weer voorrade aan die skepe, versorg siekies en verskaf herberg aan bemanningslede. Die talle kroeë in die Tafelvallei is 'n gewilde aanlooppunt vir skepelinge en dit lei dikwels tot twiste wat uiteindelik 'n nasleep in die hof gehad het. Baie Kompanjiesamptenare aan die Kaap het hulle op die vreemde skepe versteek en só probeer om na Europa of die Ooste weg te kom, terwyl bemanningslede van vreemde skepe weer in Tafelbaai van hulle skepe gedros het. Sommige van laasgenoemdes, soos Nicolas Fuchs en Johan Christiaan Bresler, het later vryburgers geword en 'n nageslag aan die Kaap nagelaat.

Die boek is in 'n lewendige en boeiende styl geskryf en behoort wye aanklank by sowel vakhistorici as die gewone leser met 'n belangstelling in die verlede te vind. Die historikus sal dit waarskynlik as 'n gebrek van die boek aanmerk dat dit geen teksverwysings bevat nie. Streng wetenskaplik beoordeel is dit, net soos die gebrek aan 'n omvattende en gedetailleerde bronnelyst, 'n tekortkoming. Die lys van die belangrikste bronne oor die onderwerp aan die einde van die publikasie vergoed egter grootliks daarvoor.

Hierdie werk kan as 'n verkenende ondersoek van 'n hoogs belangrike en interessante onderwerp beskou word en ek wil die vertroue uitspreek dat dit net 'n aptywewker is vir 'n meer omvattende ondersoek wat die volle bewindstyd van die VOC aan die Kaap sal dek. In die geheel beskou is dit 'n uiters leesbare boek wat geskryf is deur 'n vakman wat vertroud is met sy onderwerp en die bronne tot sy beskikking. Boucher lewer met hierdie werk 'n stellige bydrae tot ons kennis van die vroeë Kaapse geskiedenis. Terselfdertyd het hy bewys dat historici nog lank nie al die bronne oor dié tydperk in ons geskiedenis en uitgeput het nie. Ek kan die boek ten sterkste aanbeveel by almal met 'n belangstelling in ons geskiedenis en ek wil die hoop uitspreek dat dit 'n wye leserskring sal geniet.

G C DE WET  
*Kaapse Argiefbewaarplek*

**C A R SCHULENBURG**, *August Carl Schulenburg, krygsgevangene, medikus, boer*, ix + 170 pp., illus., J L van Schaik, Pretoria, 1985, prys nie vermeld.

Hierdie prikkelende biografiese werkie is saamgestel uit die dagboeke en herinneringskritte van dr. August Carl Schulenburg en toegelig deur sy seun, dr. C A R Schulenburg van Pretoria.

August Carl Schulenburg was die seun van 'n Hermannsburgse sendeling op Ramaliane, suid van Lichtenburg in die Wes-Transvaal. Hy het sy skoolopleiding aan die Staatsgymnasium in Pretoria voltooi, het aan die Anglo-Boereoorlog van 1899—1902 deelgeneem en was krygsgevangene op Bermuda, na afloop waarvan hy hom as medikus in die VSA bekwaam het. Kort voor Nieuwouding vind ons hom as huisarts op Ventersdorp in die Wes-Transvaal, waar hy tot ná 1945 sou praktiseer totdat hy op Potchefstroom afgetree het. In 1964 is hy oorlede ná bykans 85 jaar van aktiewe diens aan die gemeenskap.

Op treffende wyse het C A R Schulenburg sy vader August se dagboekinskrywings wat in Nederlands en Engels geskryf is, afgewissel met sy eie kortlike invoegings in die derde persoon oor August en met August se herinneringe wat hy in Afrikaans opgeteken het. Oor die algemeen vloeи die awisseling baie goed. 'n Besonder suksesvolle voorbeeld hiervan vind ons met August se krygsgevangeneming en vervoer na Klerksdorp in Mei 1901, waar sy dagboek nie sy gevoelens duidelik genoeg weerspieël nie en C A R met 'n enkele sin toetree om August se opgetekende herinneringe aan die woord te stel (pp. 40—41).

Die resultaat van hierdie metode is dat mens 'n redelik eensydige maar tog aanvaarbare karakterisering van August Schulenburg kry. Krities-ontledend is dit nie, soos byvoorbeeld blyk uit die verandering wat August in sy kerkverband gemaak het. Die biograaf volstaan met die verklaring: "Vir redes wat nie hier uitgespel moet te word nie" (p. 133) — voorwaar 'n vreemde opmerking oor dié buitengewone optrede van 'n sendelingseun. Resensent sou ook vir 'n vollediger biografie meer te wete wou kom van die persoonlike familietragédie wat August in 1960 getref het en gemaak het dat hy abrupt met die skryf van sy lewensgeskiedenis opgehou het (Voorwoord). Daar moet egter in gedagte gehou word dat die biograaf geen wetenskaplike biografie wou daarstel nie. Hy vertel met innige liefde en onverbloemde trots van 'n vader wat naas sy liefdesdiens aan die gemeenskap ook wonderlike gesinshoof was.

Dit is jammer dat die skrywer nie sy bronne aangee vir die inligting wat hy oor die Boerekrygsgevangenes verskaf nie (byvoorbeeld voetnoot 22 op p. 66). Dit is ook jammer dat hy nie die soms ellelange paragrawe van August stilswyend anders ingedeel, dit wil sê verkort, het nie (byvoorbeeld pp. 14, 15, 16 en 30).

'n Aantal herhalings in die dagboeke en herinneringskritte van August kon ook gerieflikheidshalwe uitgeskakel gewees het. Voorbeeld hiervan vind ons onder meer op pp. 4 en 6 oor voorlaaiers, pp. 8 en 9 oor die onderwysmedium, pp. 8—9 en 14 oor die skoolinspekteur, pp. 15 en 17 oor Koos de la Rey en sy seun Adriaan, en pp. 117 en 122 oor die telefoondiens in die vroeë jare op Ventersdorp.

Hierdie soort kritiek doen egter nie afbreuk nie aan 'n heerlike biografie, propvol interessante sosiale kommentaar oor 'n lang tydperk en gesien uit die oogpunt van 'n simpatieke waldoener uit die bevoordeerde klas, en tog 'n man wat naas die vele voorspoed ook teenspoed geken het. Sprekende foto's en verhelderende bylaes oor die Schulenburg-nageslag, die toekennings aasn en graadsertifikate van August, en 'n koerantberig oor sy tagtigste verjaarsdag is met groot vrug bygevoeg. Gepas sluit dit af met 'n koerantberig uit 1965 dat August Carl Schulenburg se persoonlike dokumente aan die Staatsargief in Pretoria oorhandig is. Dit berus tans as Aanwins 1047 in die Transvaalse Argiefbewaaplek.

FRANSJOHAN PRETORIUS  
*Universiteit van Suid-Afrika*

*Anglo-Boer War diary of Herbert Gwynne Howell*, With introduction, editing of the text and historical notes by André Wessels, Human Sciences Research Council, Pretoria 1986, 218 pp. ill.

The Human Sciences Research Council at Pretoria has published a series of unpublished reportages on the Anglo-Boer War 1899—1902. It has recently issued the edited text of the first reportage of a British participant in the War. It is the war diary of Herbert Gwynne Howell, carefully annotated by Mr. André Wessels.

The diarist was born in Wales in 1870 as the son of a major in the British army. He enlisted as a trooper in the Cape Mounted Riflemen in 1896 or 1897 and joined the artillery of this regular corps. He participated in the campaigns of the Anglo-Boer War in the Cape Colony until March 1900, the Free State until January 1901 and Western Transvaal until peace was signed. He was inter alia in the battle when the British crossed the Orange River at Aliwal North, the siege of Wepener by General Christian de Wet, the first hunt after De Wet into Transvaal in August 1900 and the battles at Kwaggafontein or Slypsteen koppie on 30 August 1900, Vaal River 27 October 1900, Wildfontein 27 March 1901, Klerksdorp 22 April 1901, Elands River 25 September 1901, Yzerspruit 25 February 1902 and Boschbult or Rooiwal 11 April 1902. He was an excellent artillerist and crack soldier. He was several times complimented by his officers and promoted from the ranks to lieutenant.

After the Boer War he served in Uganda, Nigeria and during World War I in German Cameroons and Palestine. He was eventually promoted to lieutenant-colonel. He married late and died rather early in 1925.

His only son inherited his diary and lent it to Col. H. Roos, military attaché of the South African Republic at Lisbon. He sent a transcription to Dr. C Bakkes of the Human Sciences Research Council.

The diary is typical of a professional British soldier of a decent, well educated family. Of course it does not read like a novel, it is a series of brief, often dry notes. Some readers will think many details trivial, e.g. dinners with officers and sport matches. But the diary gives an unadorned picture of the glory and grime of War, its discomfort, boredom and misery, its deadly game of hide and seek in the guerrilla warfare. Often Howell's short notes are revealing and sometimes his style rises to the occasion and he gives a concise but exciting reportage of fierce battles such as Wepener, Yzerspruit and Boschbult.

He does not bear the enemy any malice. After several fights he compliments the Boers. Regarding Kemp's famous charge at Rooiwal he writes: "The Boers came on splendidly and it was the finest fight I have ever seen." (p. 186). Regarding the heavy British defeat at Tweebosch he observes: "(The) Boers behaved very well and were very brave." (p. 172). On the scorched earth tactics of the British he writes: "Burnt dozens of farms — a rotten job and detested by everyone (13 November 1902) ... beastly job" (p. 88). When the mother of General J.H. de la Rey, 84 years of age, was arrested by the British, he tried to help her with decent food and notes regretfully: "We do not treat them as well as we ought to do." (20 August 1901).

On 1 October 1901 he records the death sentence of a Boer (the Dutch teacher Piet Schuil) who was accused of shooting under the white flag in the attack on the camp at Moedwil. The editor refers in note 437 to dubious sources on Schuil's capture and execution, but not to my article in *Historia* of May 1977, where I give the story of Schuil's friend, the Norwegian I. Schröder-Nielsen; I regret this omission.

From Howell's diary it is evident that the strain of the war, particularly the guerrilla war, weighed increasingly on Boers as well as British. He mentions several cases in 1901 of disobedience of his gunners who were punished and reduced in rank. Towards the end of 1901 many experienced soldiers were replaced by fresh, inexperienced recruits from Britain. Howell expresses a low opinion of the new troopers and officers. They caused the defeats at Yzerspruit and Tweebosch.

Howell was a lucky soldier. He served through the whole war but was never wounded and spent only three weeks in hospital because of illness, while thousands of British soldiers died from illness, more than on the battlefields.

The diary is generally well annotated. A division into chapters based on the different campaigns

would have enhanced the value of the publication. The diary is interesting to historians who are familiar with diaries as personal sources.

**MAUDE en C H BIDWELL**, *Pen pictures of the past*, (Vrijstatia 5), (geredigeer deur Karel Schoeman), Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1986, 120 pp., R19,95 (eksklusief).

In 1982 het die eerste publikasie in die *Vrijstatia*-reeks die lig gesien met die oogmerk om manuskripte en tekste wat op die Oranje-Vrystaat in die republikeinse periode betrekking het, uit te gee. Al vyf werke wat tot dusver verskyn het, is deur die bekende en produktiewe romanskrywer Karel Schoeman geredigeer; dit behandel grepe uit die sosio-kulturele geskiedenis van die sogenaamde "modelrepubliek", 'n prysenswaardige poging dus om gewone mense in hul alledaagse bestaan uit te beeld.

Sowat veertig jaar gelede het Maude Bidwell (née Fichardt) die titel *Pen pictures of the past* gekies vir haar grootse projek om die geskiedenis van die invloedryke Fichardts én die Boererepubliek te boekstaaf. Weens die afsterwe van haar man — dr. C. Hugh Bidwell — in 1948 en haar eie oorlyde veertien jaar later kon sy dié taak egter nie volbring nie. Gelukkig het die onverdrote arbeid van 'n Schoeman hierdie kosbare stukkie Vrijstatia aan die vergetelheid ontruk.

Die werk word ingelei met 'n voorwoord deur Maude Fichardt se suster Ella Fischer en is 'n voorstlike voorstelling van maatskaplike toestande in die destydse Vrystaat. Maude se herinneringe word aangevul deur enkele familiebrieue asook ietwat kurisoriese en losstaande notas. Hierdie memoires beslaan die grootste gedeelte van die publikasie (pp. 25–89) en strek tot 1902, die beëindiging van die Anglo-Boereoorlog en toe Maude met die jong Bloemfonteinse medikus, Hugh Bidwell, in die huwelik getree het.

Ongetwyfeld van die mees insiggewende en waardevolle bydraes is juis laasgenoemde se aantekeninge oor die Anglo-Boereoorlog en brieue aan sy verloofde Maude Fichardt gedurende die vroeë fase van die wapenstryd. As lid van die republikeinse ambulansdiens het Bidwell verskeie fasette van die kommandolewe en harde werklikhede van die oorlog vir sy geliefde huis in woorde vasgevang. Die aktualiteit van hierdie wedervaringe behoort die deursnees leser te boei, terwyl dit uit 'n navorsingsoogpunt ook van nut sal wees. Ongelukkig verskaf die redakteur hier — én in die res van die boek — maar bra min toelighting of verklarende aantekeninge om sommige persone, gebeurde of plekke duideliker in perspektief te stel.

'n Kort slotwoord word gewy aan die verdere lewensloop van die Fichardt-familie. Enkele toepaslike, kontemporêre foto's (waarvan die bladsynommers by die inhoudsopgawe foutief aangedui word!), 'n lys van aanbevole literatuur en 'n bondige register rond dié keurig-versorgde publikasie af. Die uitgewer en redakteur verdien beslis krediet vir hul inisiatief en lof vir die Vrijstatia-nalatenskap aan almal wat uit die verlede put om sin aan die hede te gee en die toekoms met meer vertroue tegemoet te gaan.

C C ELOFF  
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

**BILL GUEST & JOHN M SELLERS** (eds.) *Enterprise and Exploitation in a Victorian Colony; Aspects of the Economic and Social History of Colonial Natal*, University of Natal Press, Pietermaritzburg, 1985, xiv + 362 pp., maps, tables, illus., index, R25,50.

It is fitting that a collection of essays on the economic history of what John X. Merriman described as 'a white forwarding agency in a native territory' should start with an account, by Lucille Heydenrych, of the prolonged struggle against that great obstacle to the prosperity of a colony which depended so much on the carrying trade with the interior, the bar across the mouth of Port Natal harbour. This theme is continued in the succeeding essay, Hein Heydenrych's account of the construction of Natal's railways, which are said to have had the effect of reinforcing this 'forwarding agency's characteristic rather than stimulating internal development. An exception to this generalisation is clearly the growth of coal mining in northern Natal, discussed with a plenitude of detail by Ruth Edgecombe and Bill Guest. Railway development stimulated this industry both by cheapening the transport of its bulky product (less than 10% of which was exported inland) and by consuming it.

Settlers were dependent not only on the 'overberg' trade: Beverley Ellis shows that in the early days they depended to a large degree on the rapid depletion of such natural resources as timber and firewood, game for trophies and the pot, and ivory. Apart from this, however, it seems there is little to be said about 'the impact of White settlers on the natural environment of Natal, 1845–1870', the title of this essay. Some white Natalians lived by trading with the Zulus. The importance of this trade for the colony is, however, touched on only briefly by Peter Colenbrander, whose essay is really concerned with the effects of this trade on the independent Zulu kingdom.

Many colonial Natalians were of course producers. The facts and figures of commercial agriculture are provided by Charles Ballard and Giuseppe Lenta. As the authors acknowledge, not too much reliance can be placed on colonial Natal's official figures. Drawing conclusions about trends over time is further complicated by the enlargement of the colony through the annexation of Zululand in 1897 and the Vryheid-Utrecht district in 1903, and by the lack of consistent distinction between exports of domestic produce and re-exports. The authors' practice of using individual selected years rather than (say) moving averages adds to the difficulty of detecting trends. It is sufficiently clear, however, that sugar and wool were the first successful products of white commercial farming. Peter Richardson's essay on the Natal sugar industry is one of the two reprints in this volume. Wool farming is discussed, with some irrelevant detail, and some repetition, by John Sellers, who takes it, however, only up to the 1870s.

Official statistics are particularly unreliable on Africans' farming, but there can be no disguising the fact that much production for the market, particularly of maize and sorghum, was in their hands. The activities of the most prominent and successful Black entrepreneurs are discussed in a reprinted essay by Norman Etherington. This ability to produce goods and services for the market enabled many Africans to avoid selling their labour, and this is the fundamental reason for the introduction of indentured Indian labour. Joy Brain corrects the common misconception that these people were all unskilled labourers imported to work on the sugar plantations. They were also employed in a wide variety of occupations, such as tea cultivation, fishing, as boatmen on the lighters which the bar necessitated, in railway construction and operating, and in mining; and in all these spheres they introduced skills and experience which did much to promote development. Once free, many became market gardeners and small traders. Not all Indian immigrants were indentured labourers; the trading enterprises of the 'passenger' Indians as well as of ex-indentured labourers are discussed by Surendra Bhana.

It would be pleasant had it been possible to conclude with this picture of Natal's various peoples making their various contributions to economic development; but an inescapable part of the economic history of Natal is the whites' largely successful attempt to use their monopoly of political power to eliminate competition from Indians and Africans and reduce them to the level of labour. Joy Brain's and Surendra Bhana's essays show this for the Indians, and show how they were able, before 1910, to invoke the Indian and Imperial governments to resist this process. John Lambert shows how much more complete and unimpeded the process was in the case of Africans after the grant of responsible government in 1893, and how Africans were impoverished and many reduced to a status which can only be described as peonage or serfdom.

This book is subtitled 'aspects of the economic and social history of colonial Natal', but the contents are more economic than social. Of the twelve essays only those of Brain, Bhana, Etherington and Lambert include a contribution to social history. 'Aspects' is an apt term, since a book of essays by various historians on their particular research interests cannot claim complete coverage. In their introduction the editors point to some areas in need of more research. I would add that, given the peculiar nature of the Natal economy for much of the colonial period, an essay on the carrying trade with the interior and the merchants involved in it would have been a welcome addition to this volume, had any such contribution been available. The question of African labour, or the lack of it, is touched on in many of these essays, but a question of such crucial importance in Natal's nineteenth century history really warrants an essay to itself. With these reservations, there is no doubt that this book makes a valuable contribution to the economic history of colonial Natal.

R L COPE  
*University of the Witwatersrand*

JOSEPH LELYVELD, *Move Your Shadow. South Africa, Black and White*, Jonathan Ball Publishers, Johannesburg in Association with Michael Joseph, London, 1986, 390 pp.

Die afgelope jaar het 'n aantal boeke oor Suid-Afrika deur besoekende buitelandse joernaliste verskyn. Boeke soos *Between the Lines* van Harriet Sergeant, 'n vryskutjoernalis, en *South Africa* van Graham Leach, die BBC se radiokorrespondent in Suider-Afrika. Beide hierdie boeke was pogings om oor die komplekse Suid-Afrikaanse gemeenskap te rapporteer en dit te ontleed. *Move Your Shadow* is die bewonderenswaardige poging van Joseph Lelyveld om die rassesituasie in Suid-Afrika te analiseer. Lelyveld, 'n joernalis van die *New York Times*, is in 1966 na 'n verblyf van 11 maande beveel om Suid-Afrika te verlaat en hy het weer in 1980 as 'n verteenwoordiger van sy koerant teruggekeer, hierdie keer vir 'n tydperk van drie jaar waartydens hy stof vir 'n boek versamel het. In die rustige atmosfeer van Londen het *Move Your Shadow* die lig gesien. Hierdie boek het onmiddellik oor die talle boeke met Suid-Afrika as tema uitgetroon. In die VSA is 27 000 kopieë in hardeband verkoop met 'n verdere 75 000 sagteband-kopieë wat

nog gedruk word. Verder het die boek vir Lelyveld die mede-winner van die gesogte Pulitzer-prys vir nie-fiksie gemaak.

Wat Lelyveld se boek bo die gemiddelde laat uitstyg, is die genadelose doeltreffendheid waarmee hy die apartheidstaat dissekteer. Hierin het sy deeglike kennis van Suid-Afrika, kennis wat die deursnee-blanke Suid-Afrikaner beslis nie deel nie, 'n belangrike rol gespeel. *Move Your Shadow* slaag daarin om 'n kritiese, maar 'n realistiese spieëlbeeld van 'n onderdrukkende en onnatuurlike rassistiese gemeenskap in Suid-Afrika daar te stel. Lelyveld dui bv. op die absurdheid van die huisland-idee met sogenaamde nasionale state soos Qwaqua, Kwanedbele en Bophuthatswana wat in landelike plakkerskame of slums verander het en wat net goed genoeg is om as bronne vir goedkoop arbeid te dien. Net so treffend word die korrumptheid van die sogenaamde leiers van hierdie state oorgedra. Die beskrywing van die lot van die swart pendelaar in sy daagliks tog van die huislande na sy werk in die stede is sekerlik die aangrypendste gedeelte van die boek. Lelyveld slaag daarin om die lang, onaangename en onnatuurlike ure van busry treffend en met deernis tot die leser oor te dra. Die wredeheid, maar ook die absurdheid van die kwetsende groepsgebiede, gedwonge verskuiwings, passe en rasseklassifikasie word genadeloos oopgevlek. Skokkend is die afdeling oor die foltering wat die meeste politieke aangehoudenes in polisie-aanhouding ondergaan, met die gepaardgaande blanke apatie en aanvaarding van hierdie verbrekking van menseregte. Lelyveld dui egter ook daarop dat foltering ook in Zimbabwe deur diegene wat self gefolter is, met diesselfde ou sekuriteitsapparaat toegepas word.

Lelyveld se bevinding oor Suid-Afrika is dat apartheid nieteenstaande hervormings eerder 'n hoogtepunt sedert sy eerste besoek in 1966 bereik het. Sedert 1966 het sommige huislande onafhanklik geword, aparte woongebiede tussen blank en swart het meer rigged geword, 'n parlement met drie huise vir drie aparte etniese groepe is ingestel met aparte radio- en TV-kanale vir verskeie rassegroepe. Blank en swart in Suid-Afrika is dus verder apart as ooit tevore.

Alhoewel *Move Your Shadow* oor blank sowel as swart handel, is Lelyveld se vertolking van die blanke in Suid-Afrika effens teleurstellend. Die blanke se vrees vir die toekoms en die Afrikaner-intellektueles se lompe en soms absurde pogings om die huidige rassesituasie te verklaar en om oplossings te vind, word egter treffend oorgedra. Die indruk word egter geskep dat Suid-Afrika twee antagonistiese pole van wit en swart is met geen liberale middel- of grysgröep nie. Persone soos Helen Suzman, Helen Joseph, Beyers Naude word vermeld, maar nêrens word die rol van die liberale blanke parlementêre opposisie, die Progressiewe Federale Party (PFP) vermeld nie – 'n gebrek waaroor Alan Paton in sy resensie van die boek krities gestaan het. Kampvegte teen apartheid van die PFP soos 'n Van Zyl Slabbert, 'n Molly Blackburn en 'n Colin Eglin word nêrens vermeld nie. 'n Verdere en soms irriterende kenmerk is Lelyveld se tipering van persone. So word nie na 'n regter of 'n polisie-offisier volgens hul identiteit verwys nie, maar eerder na 'n "Afrikaner judge", "Afrikaner jurist" of 'n "Afrikaner Commander". Die idee word soms onwilligeurig geskep dat die Afrikaner alleenlik die verpersoonliking van die konserwatiewe en rassistiese blanke in Suid-Afrika is. Lelyveld verwys wel na blanke ekstremiste, maar die verskillende strominge en verdeeldheid onder die Afrikaner oor apartheid word nie vermeld nie. Daar is nie 'n enkele verwysing na ver-regse organisasies soos die Konserwatiewe Party, die Herstigte Nasionale Party of die Afrikaner-Weerstandsbeweging met hul onderskeie leiers nie.

In sy voortdurende tipering van persone in "die stelsel" as Afrikaners, het Lelyveld een ooglopende fout begin. Hy verwys twee maal na 'n "Afrikaner judge" tydens die verhoor van die ANC-lede, Simon Mogorane, Marcus Motaung en Jerry Mosoloi (Mosoloi is verkeerd gespel in die boek, moet Mosoloi wees) op die aanklag van hoogverraad (pp. 333 – 334). Die bepaalde regter was glad nieu 'n Afrikaner nie, maar regter D J Curlewis, 'n Engelssprekende persoon. (Race Relations Survey, 1982, p. 236). Die vraag ontstaan of Lelyveld wel hierdie verhoor bygewoon het. Sonder om te puntenerig te wees, kan daarop gewys word dat Lelyveld se verwysing na die Durbanse bieronluste van 1929 ook foutief is. Volgens Lelyveld het die komunisme 'n aandeel daarin gehad (p. 268) wat nie korrek is nie. Die ICU Yase Natal was die alleen-inisieerders van die bierboikoet sonder die hulp van die komuniste, wat eers heelwat later betrokke geraak het.

*Move Your Shadow* is nieteenstaande enkele tekortkominge 'n nuttige en aanbevelenswaardige boek wat in die trant van 'n *Naught For Your Comfort* menige blanke Suid-Afrikaner sal grief, maar ook talle meer sal verontrust en bewus maak van die onnatuurlike rasseposisie in Suid-Afrika. Die boek is 'n moet vir die boekrak van diegene wat belangstel in Suid-Afrika met sy gepaardgaande komplekse rassevraagstuk.

### Europe/Europa

K HILDEBRAND, *The Third Reich*, George Allen & Unwin, London, etc., 1984. xii + 184 pp., map, bibl., chronology, index. R15,95.

This paperback edition in English of Professor Klaus Hildebrand's *Das Dritte Reich* (Munich, 1979) brings before a wider public a compelling synthesis of German history between 1933 and 1945. The book, competently translated by P S Falla, is in two complementary sections: a chronological survey of the period from the seizure of power by Hitler to the end of World War II in Europe and secondly, an analysis of research problems and recent historiographical trends, with some attention to contemporary judgements.

The first part places some emphasis upon aspects of German foreign policy under the National Socialist state and also discusses in reasonable detail the consolidation of the Nazi dictatorship, internal developments, racial policies, the conduct of the war and German resistance to the régime. Hildebrand does not seek to moralize (p. x), but despite a rigorously objective approach, this is often a chilling account. The monstrous irrationality of racial policy hangs like a poisonous cloud over many features of National Socialist rule. How grotesque, for example, was the dominance of the theory of a "final solution" to the Jewish question over the exigencies of war, even when military victory seemed a possibility (pp. 71–72). Hitler's long courtship of Britain – even as late as 1941 – to avoid a war on two fronts and ultimately to establish the basis for peaceful coexistence is given due prominence in these pages. However, any sympathy that country had for the *Lebensraum* dream and the desire for revision of the Versailles settlement largely evaporated in the light of repressive government and brutal policies of racial extermination.

The second section of *The Third Reich* will attract the serious attention of all students of this tragic era. It takes up such themes as the nature of National Socialism, resistance to it and foreign and racial policies discussed earlier and analyses them in historical perspective. A final chapter (pp. 157–183) presents the verdict of historians on the Hitler dictatorship. Had it, as Shirer and others asserted, "a disreputable pedigree" (p. 157) in the German past, was it, as in Gerhard Ritter's view, "an isolated phenomenon" (p. 158) or can it be regarded, in part at least, as an illustration of continuity in general European history, an interpretation favoured by Ludwig Dehio? The debate continues, but there is much to be said for K D Bracher's assessment of 1976 that despite the European background to the history of the Third Reich, Hitler was essentially "a German phenomenon" (p. 183). The Führer's ultimate goal, however, lay in a uniquely revolutionary direction, as Hildebrand indicates: "Hitler's ideas burst the bounds of tradition: they were intended to precipitate the course of history and finally bring it to a standstill in a biological utopia" (p. 118).

Whatever may be concluded about the continuity or lack of it in German history from 1871 to 1945, it seems to this reviewer at least, that the nation showed an unfortunate tendency to throw away the advantages of a commanding geographical position on the European continent and an industrious and inventive population. Conceived in militarism, deployed with some ruthlessness, and accustomed to authoritarianism, a united Germany took the wrong turning in the years leading to the outbreak of World War I in 1914 and again, with even more disastrous results, in 1933. Can it not be said that the Weimar Republic marked the real break with the past in those years, yet laid the foundations for the more stable Federal Republic of today?

This stimulating volume is an outstanding contribution to modern German historiography.

M BOUCHER  
Pretoria

### Kunsgeschiedenis/History of Art

*Early Johannesburg; its buildings and its people*, Tekeninge deur Hannes Meiring; teks ldeur G-M. van der Waal en Wilhelm Grüter, in medewerking met Anna Jonker, Human & Rousseau, Kaapstad en Pretoria. 143 pp., ill., kaarte, indeks, R29,95.

"Ses ontploffings.

Ses geboue.

En al ses in Johannesburg.

Sondag, 28 Maart 1982: die statige Colonial Mutual-gebou en die kleiner Fellan-gebou word in 10 sekondes tot 'n hoop rommel gereduseer.

Sondag, 18 Julie 1982: Die Winchester- en Hermaingebou — 15 sekondes.

Sondag, 2 Oktober 1983: Locarno en Geneva House.

Sondag, 6 November 1983: Die Van Eck-gebou (eens as Evkom-Huis die hoogste gebou in die land) — 16 sekondes.

Sondag, 13 November 1983: Die Villa Colette-gebou.

Moderne massavermaak?<sup>1</sup>

Met hierdie kort, eksplosiewe reëls in eg joernalistieke styl begin 'n berig in 'n Johannesburgse oggendblad op 'n tydstip toe gemoedere in bewaringskringe nog omgekrap was oor die aftakeling van die *Van Eck-gebou*. Spanning het toé huis begin oplaai oor die beoogde sloping van die *Colosseum* in dieselfde stad. Dié atmosferiese rolprentteater in Art Decostyl het sedertdien 'n drastiese gedaanteverwisseling ondergaan en het vir alle praktiese (bewarings-)doeleindes verdwyn. Die inploffingstegniek is net meer as 'n jaar gelede, op 16 en 28 Junie 1985, ook ingespan om die vier visueel-prominente koeltorings langs die M1-snelweg in puin te lê. Hierdie slopingstegniek maak dit makliker om selfs hoogboustrukture vinnig en doeltreffend uit die weg te ruim; geen ouerige gebou, hoe groot ook al, hoef meer "in die pad van vooruitgang" te staan nie. Die spoed waarteen die genoemde geboue plategegee is, bring mens net méér onder die besef van die *plekidentifiserende* en *pleksimboliserende* funksies van geboue — veral van bakens soos die *Evkom-gebou* en die koeltorings. Geboue staan soms wel in die pad van vooruitgang, maar baie geboue toon op onvervangbare wyse die pad van vooruitgang aan.

Dit is van hierdie pad wat Johannesburg oor die afgelope eeu geloop het dat Hannes Meiring in tekeninge en Gerhard-Mark van der Waal (e.a.) in teks 'n beeld skets in "Early Johannesburg: Its Buildings and its People". Die gesloope en/of ontluisterde geboue waarvan hierbo melding gemaak is, figureer nie in hierdie eeufeesboek nie. Die outeurs bepaal hul by bestaande geboue en lewer ener syds 'n pleidooi vir die behoud van daardie fisiese elemente in die stad wat as betekenisvol geag kan word, andersyds 'n waardevolle bydrae tot die skrale oes van publikasies oor Johannesburg se historiese geboue. Hoewel in populêr-wetenskaplike trant wat teks en tekeninge betref, hoort hierdie werk nie net op koffietafels huis nie, maar ook op die boekrakke van omgewingswetenskaplikes en historici. 'n Verandering in benadering tot die stedelike omgewing en tot afsonderlike elemente in beboude omgewings val op: In "Early Johannesburg" word geboue nie bloot as "historiese dokumente" in steen en glas behandel en afsonderlik beskryf en geïllustreer nie; iets van hierdie tradisionele benadering word wel aangetref in die sestigtal inskrywings en tekeninge vir meer prominente geboue in die stad. Die deurlopende teks en daarvan geïntegreerde tekenkunstige vinjette (sommige daarvan ware kameë) bied 'n korrektyef: dat afsonderlike geboue nie losgemaak kan word van hul kontekste nie! Die stad bestaan wel fisies uit 'n groot aantal afsonderlike elemente — geboue, strate, pleine, parke, straatmeublement, plante — wat elk as't ware sy eie bestaan voer, maar in omgewingsverband eens na regte waardeer kan word. Johannesburg se karakter word nie bepaal deur 'n handjievol esteties-bevredigende geboue nie, maar deur die ryke verscheidenheid van geboue en boustyle wat aangetref word, deur die ruimtelike uitleg en gepaardgaande opbou van die straatplan, en deur die besondere ligging van die stad. En voeg hierby die gebeurtenisvolle geskiedenis en die aard van die gemeenskap — soos die outeurs dit veral aan die hand van uitstaande persoonlikhede (landmeters, opdraggewers, argitekte, bouers, bewoners) doen — dan kry die begrip "omgewing" en die plek van historiese geboue daarin nuwe betekenis.

Die uitgewer het dit goedgedink om "Early Johannesburg" bloot as 'n Hannes Meiring-publikasie bekend te stel: slegs Meiring se naam verskyn op die omslag — op die voorblad aangevul met Meiring se tekening van die *Rissikstraat Poskantoor*, en op die agterblad met 'n foto en 'n kort lewensgeskiedenis. (Selfs in die ekserp op die omslag word geen melding gemaak van die teksskrywers se aandeel nie!) Hoe verruklik die 170 tekeninge in die werk ook al is, laat die omslag geen reg geskied aan die werklike aard van die publikasie en die wesenlike bydrae van Van der Waal, Grüter en Jonker nie. "Early Johannesburg" is geen *kunsboek* in die sin waarin Meiring se "Boukunsskatte van Suid-Afrika" (Human & Rousseau, 1977) dit is nie; daardie werk bestaan uit 'n seleksie van 32 geboue wat in groot formaat keurige tekeninge en begeleidende aantekeninge bevat. Opmerklik is die verandering wat in Meiring se kenmerkende tekenstyl ingetree het: die vryhandsketse was vroeër meer besadigd, die komposisies gestrenger, die "leëe vlaktes wit papier" 'n onontbeerlike tegniese en ekspressiewe element; daarvanee saam 'n bewusteliker dokumenterende instelling. In latere publikasies — onder andere "Stellenbosch te voet, 'n stapgids" (Tafelberg, 1979; teks deur Ters van Huysteen) en "Pretoria 125" (Human & Rousseau, 1980) — gee die tekeninge blyke van 'n intuïtiewer aanslag, van 'n strewe om eerder die gees van 'n gebou of gebouegroep visueel vorm te gee as om 'n visuele dokument op te stel. Laasgenoemde gaan gepaard met 'n skaalverandering — die tekeninge word kleiner, die omringende ruimte beperkter. Maar tegelyk kry die teks in Meiring se latere werke meer lyf (ook al is hy nie altyd self vir die teks verantwoordelik nie). Dat Hannes Meiring 'n vrugbare tekenkunstenaar is, val nie te betwyfel nie; in die vier genoemde publikasies — hoogenaamd nie die somtotaal van alle boeke wat in die geheel of gedeeltelik deur hom geïllustreer is nie! — tref ons bykans 450 tekeninge aan.

Hoewel dit nêrens in hierdie publikasie gestel word dat G.-M. van der Waal verantwoordelik is vir gegewens oor die bougeskiedenis en die afsonderlike geboue wat onder die loep geneem word nie, kan dit op

grond van sy aandeel in navorsingsprojekte oor Johannesburg (asmende 'n verhandeling en 'n proefskrif oor hierdie onderwerp) aanvaar word. Wel word Meiring en Van der Waal se gesamentlike reeks artikels in *Beeld* as voorloper tot "Early Johannesburg" genoem. Dat die teks veel meer is as sement om die boustene (tekeninge) van "Early Johannesburg" bymekaar te hou, is waarskynlik aan hierdie (bou)kunshistorikus te danke: in 143 bladsye word 'n groot aantal insiggewende feite oor die stad se vroeë geboue verstrek — gegewens wat vir die eerste keer in een publikasie tot die lesende publiek se beskikking gestel word. Nie dat daar nie voorheen boeke oor Johannesburg se bougeschiedenis verskyn het nie.<sup>2</sup> Die gegewens met betrekking tot boudatums, argitekte, bouers, boustyle, stigting en opmeting van voorstede en dies meer kan as gesaghebbend beskou word en maak hierdie werk des te bruikbaarder as verwysingsbron. Dit kan nie altyd met vrymoedigheid van publikasies met 'n kunsboek-dimensie gesê word nie.

Meiring *et. al.* behandel die bou-ontwikkeling in vyf hoofstukke waarvan die eerste vier rofweg gebaseer is op die plase waaruit die middestad en omliggende woonbuurte verry het: Randjeslaatte, Doornfontein, Langlaatte, Braamfontein en Klipfontein. In die vyfde hoofstuk, "Round and about", word enkele losstaande geboue elders in die stad bygehaal. Die tydperk wat gedek word, strek tot ongeveer 1940 en sluit geboue in in die Transvaalse pioniersboustyl, die Victoriaanse neo-style, die Tweede Keiserryk-boumode van die eeuwisseling, die Eduardiaanse Barok en geboue in die Baker-idioom, die Traditionalistiese bourant en die Internasionale Styl (of Modernisme) van die argitekte van die Wits-Skool. Belangrik is dat nie slegs argitek-ontwerpte geboue ingesluit is nie, maar ook histories-betekenisvolle "volksbou" en utilitaire strukture. Laasgenoemde sluit die ou mynskag te Crown Mines, sinkhuisies in Small Marketstraat, en die watertoring in Yeoville in. Selfs by die familiebegraafplaas, Bezuidenhoutvallei, word stilgestaan. In hierdie oopsig kan "Early Johannesburg" 'n sensitieverder genoem word: dit wil die leser (bepaald die Johannesburger) se waarneming van en gevoel vir detail in die omgewing opskerp. Meiring stel dit ook in sy *Voorwoord*: "The buildings that feature in this book represent a valuable heritage that deserves our attention, affection and proper care. I would be happy to think that this book will contribute to an awareness of their importance and the need for their preservation."

Die inwoner van Johannesburg kan in hierdie dubbeldoornoekenoog vind om sy of haar beeld van die stad uit te bou: "Early Johannesburg" kan 'n *deurblaiboek* wees waarin die stad visueel verken word, terwyl dit as *deurleesboek* baie bied wat wetenswaardig is. Tekortkominge is daar wel:

\*Hoewel vier kaarte aangetref word waarop die ligging van 'n aantal van die bespreekte geboue aangedui word, word selfs 14 van die 58 geboue wat afsonderlik behandel word, nie op die kaarte verdigte nie. Aangesien hierdie werk bewuswording van die stedelike omgewing en 'n bewaringsgesindheid by lesers huis wil bring, sou presieser aanduidings van lokaliteit kon bydra tot praktiese belewing van die geboue — ook al is dit dan net vanb die sypaadjie af.

\*Voorts is die teks plek-plek baie na aan dié van publikasies wat reeds 'n geruime tyd op die mark is. Die bespreking van herehuise in die Parktown-omgewing (hoofstuk 4) is in styl, in die volgorde waarin hulle aan die beurt kom, en ten opsigte van die gegewens wat verstrek word, geskoei op "The Parktown and Westcliff Urban Walk"-stapgids (1982).

\*'n Verdere gemis hou verband met die vae definiëring van die afsnytpunt (rondom 1940) vir die "vroeë" Johannesburg: die min aandag wat die Internasionale Styl in sowel teks as tekeninge ontvang. Enkele geboue in die middestad word betrek — die aangrensende *Peter House* en *Hotpoint House* in Breestraat, asook *Dunvegan Chambers* en *Normandy Court* — maar nie die woonhuise in Houghton, waarmee die Wits-skool hul eintlik losgemaak het van die stylherlewinstendens, nie.

"Early Johannesburg" is geen vakwetenskaplike publikasie nie, maar kan met vrug deur wetenskaplikes geraadpleeg word. Die outeurs het 'n naam- en saakindeks saamgestel om naslaanwerk te vergemaklik; slegs een inkonsekvensie is opgemerk, nl. die "Aldwynde, Herbert J." wat "Aldwynce" moet wees (maar dan weer, dielselfde spelwyse word in "The Parktown and Westcliff Urban Walk" aangetref).

Waar die vorige publikasies van Meiring in Afrikaans, of in 'n Afrikaanse en Engelse uitgawe ("Stellenbosch te voet"/"Footloose in Stellenbosch"), of in parallelle Afrikaanse en Engelse teks ("Pretoria 125") verskyn het, is dit jammer dat "Early Johannesburg" slegs in Engels beskikbaar is.

Die beboude omgewing verander voortdurend, en 'n mens hoef geen profeet te wees om te kan stel dat sommige van die geboue wat in "Early Johannesburg" opgeneem is, oor 'n paar jaar nog net in afbeeldings sal bestaan nie. Indien hierdie publikasie die gesindheid jeens historiese geboue — ook dié wat van min argitektoniese of estetiese meriete is — positief help uitbou, ook by omgewingsvormers soos stadsbeplanners en eiendomsontwikkelaars, argitekte en boukontrakteurs, is die toekoms van Johannesburg se argitektoniese verlede in veiliger hande. Inploffings van hoogboustrukture in die middestad sal steeds voorkom, maar met hierdie leesbare en visueel-bevredigende boek oor die vroeë Johannesburg beskikbaar,

kan geen voornemende sloper meer "onskuldig" pleit nie. Mag 'n beter ingeligte en meer sensitiewe publiek ook besef dat vinnig opgetree sal moet word om te bewaar wat histories betekenisvol is. "Early Johannesburg" is dalk meer as 'n boek oor die verlede ...

ARIE KUIJERS  
PU vir CHO

## NOTAS

- STOLTZ, D. 1983. Dit kerm en kla, maar ons doen te min terwyl die mure val. *Beeld*, 19 November, p. 7. ('n Gebou wat ook deur inploffing afgetakel is tussen Maart 1982 en November 1983, maar waarvan Stoltz geen melding maak nie, is die *Von Brandis-parkeergarage*, gesloop op 31 Julie 1983).
2. Enkele voorbeelde:
- AARON, H. et al. 1972. Parktown, 1892 – 1972. A social and pictorial history. Johannesburg: Studio Thirty Five Publications.
  - BAWCOMBE, P. 1973. Philip Bawcombe's Johannesburg. Text by Ted Scannel. Johannesburg: Village.

## Announcement/Bekendstelling

### Memories of Scandinavians of the South African War 1899 – 1902

In 1984, Prof C de Jong, a member of our Society, who teaches economic history at the University of South Africa, published the book *Skandinawiërs in die Tweede Anglo-Boereoorlog 1899 – 1902, deel I: Van Mafeking na Magersfontein en Paardeberg*, (168 pp.), and in 1985 volume two of this work, *Deel twee: Kronieke van krygslui*, (175 pp.). Volume one contains an introduction on Scandinavian immigrants in South Africa and short biographies of some of them. They are followed by Afrikaans translations of the war memories of the Finns Nils Viklund and Matts Gustafsson, the Dane William Baerentzen and the Swedish nurse Elin Lindblom who served with the Scandinavian ambulance. Volume two contains an introduction on the foreign volunteers and their relations with the Boers and Afrikaans translations of excerpts of works published by the Swedish officer H E Uddgren who gives a short history of the brief but brave career of the Scandinavian brigade and ambulance with the Boers and the war adventures of other Scandinavians. These include the Norwegian military attaché with the Boers, Captain Julius Allum, whose report to his general staff is published here for the first time, the Swede Hjalmar Pettersson Janek who escaped twice from British captivity, the Norwegian Paul Schultz who served in the Colonial army in the Cape Colony in 1901, and the Swede, engineer Christer Uggla, who was head of the workshop of the Dutch railway company (NZASM) at Pretoria and the Boer republics arms industry during the war, and founder of the Scandinavian volunteer corps and ambulance.

Prof De Jong is preparing volume three for the press. It will contain, inter alia, the notes of the Swedish military attaché, Captain Mossberg, who served eight months with the British army, and the recollection of the Norwegian land surveyor Ingvald Schroeder-Nielsen; he participated in the guerilla war in the Western Transvaal under General J H de la Rey, was captured and sent to Bermuda.

Several Scandinavians were educated men who wrote and reported interestingly on the Anglo-Boer War. In the three volumes they tell lively and often gripping tales of the battle at Magersfontein, the siege at Paardeberg and the savage guerilla war in the Western Transvaal.

Prof De Jong has published his works for his own account. They are obtainable from him at a very reasonable price at his address: 82 Wouw Street, Groenkloof, 0181 Pretoria, telephone 46-8419.